



Teken in en ontvang elke week 'n gratis *Lekkerbekkie Nuusbrief*: lekkerbekkie@annaemm.co.za

Gratis kinderstorie:

Babas orals! deur Anna Emm

Benjamin het 'n baba-boetie. Sy naam is Jan. Al Jan se maatjies is ook nog klein babatjies. Jan se maatjie, Isak, verjaar vandag. Hy word een, en sy mamma hou 'n partytjie.

"Jy is ook genooi na Isak se partytjie, Benjamin," sê sy mamma. "Kom, ons moet vir jou mooi aantrek."

"Ek is nie lus om te gaan nie," brom Benjamin. "Dis 'n baba-partytjie en daar gaan net babas wees."

"Ag, toemaar," lag Benjamin se mamma. "Dit gaan lekker wees. Jy sal sien."

By die partytjie is daar babas orals! Hulle sit in hulle eetstoeltjies en kruip rond op sagte kombesies. Party babas kwyl net en party huil net en party slaap net! Benjamin is verveeld.

"Dis net babas orals!" brom hy. "Hier is niks om te doen nie."

Benjamin kyk rond, maar hy sien nêrens ander kinders met wie hy kan speel nie. Skielik kom een van die mammas na hom toe en sê: "Hallo Benjamin! Jy kan maar my babatjie se pakkie *chips* kry, want sy is nog te klein om dit te eet." Die mamma gee vir Benjamin die pakkie *chips*. Nou het hy twee pakkies – sy eie ene en die babatjie s'n!

"Benjamin?" vra 'n ander mamma. "Wil jy nie hierdie babatjie se bordjie lekkergoed hê nie? Sy het nou aan die slaap geraak en nou gaan niemand dit eet nie." Die mamma gee vir Benjamin 'n bordjie lekkergoed. Nou het hy twee bordjies! Sy eie – en die babatjie s'n!

Een van die ander mammas gee vir Benjamin haar baba se ballon, want die ballon maak die baba bang. Nou het Benjamin twee ballonne! En toe dit tyd is om die roomyse te eet, kry Benjamin twee van die babatjies se roomyse, want hulle is nog te klein om dit te eet! Toe die verjaardagkoek gesny word, kry Benjamin drie ander stukkies koek, want drie van die babatjies is nog te klein om koek te eet. Benjamin sit alles in 'n sak wat Isak se mamma vir hom gegee het.

Toe dit tyd is om huistoe te gaan het Benjamin vyf pakkies *chips*, drie bordjies lekkergoed, vier stukkies koek, ses ballonne, en tien stokkielekkers in sy sak! In die kar oppad huistoe sê Benjamin se mamma: "Daar was 'n speelgoedkarretjie in Jan se lekkergoed-pakkie, maar jy kan dit maar kry. Hy is nog te klein om daarmee te speel."

Nou glimlag Benjamin groot. Baba-partytjies is groot pret, dink hy. Baba-partytjies is die beste partytjies ooit! Want daar is babas orals, en net een seuntjie wat oud genoeg is om partytjie te hou!

Gratis inkleurprentjie:

Babas orals! illustrasie deur Elanie Bieldt



Nuus uit die kantoor:

Ontmoet een van ons top-agente in die Kaap!



Mamma van twee, Lizelle Alkema, woon in Durbanville. Sy is een van ons top-verkopers en is baie opgewonde oor Anna Emm se storie-produkte.

Wat het jou laat besluit om 'n agent vir Anna Emm se kinderstories te word? Ek het reeds van Anna Emm se produkte gehad en my kinders kon nie genoeg daarvan kry nie! So, het ek geweet die stories is "spot on" vir die mark. Met so produk kan jy nie verkeerd gaan nie!

Wat is vir jou die lekkerste deel van agent-wees? Eerlik? Om my kinders se reaksie te sien wanneer ek met die bestellings tuis kom! Hulle raak so opgewonde asof elke storie hulle s'n is! Hoogtepunte is verseker die terugvoer van kliënte wie se kinders nooit as te nimmer net stories geluister het nie, en net konstant voor die TV geparkeer het - en nou nie net stories luister nie, maar selfs minder TV kyk! Als te danke aan Anna Emm se stories! Dit bewys die teendeel van wat almal in ons moderne era glo: kinders word nie net visueel gestimuleer nie!

Watter produkte is jou gunsteling? Ongetwyfeld die *Afrikaanse Kinderstorie*-reeks wat uit 12 CD's en A4 boekies bestaan. Dit het nie net ou, bekende stories nie, maar soveel nuwe stories - hope pret! Ek is bly oor die boekies wat kinders lus maak om te leer lees - en dit op so 'n lekker manier deur hulle gunsteling stories!

Jy is een van die top-agente op die oomblik. Watter "tips" het jy vir die ander agente om hulle verkope te verbeter? Bly opgewonde oor die produk! Wees self entoesiasies oor elke week se spesiale aanbod, want jou houding syfer deur in jou boodskappe aan mense. Dit is nie 'n 'dooie' voorwerp wat jy verkoop, soos parfuum of 'n stofsuiers (lol), maar stories vol pret en verbeelding wat kinders se hartjies bly maak!

Watter terugvoer kry jy van jou kliënte oor die stories? Die kinders geniet die stories so dat die ouers net nóg wil koop! Hulle kan nie meer na dieselfde storie vir die 60ste maal luister nie!

Wat sal jy graag nog wil bereik as agent? Ek wil die produk verder bekend maak, soek na nuwe markte en plekke om dit ten toon te stel. Ek glo regtig baie sterk in die produk en dink dat soveel moontlik ouers daaraan blootgestel moet word. Ook in die klaskamer kan hierdie produk baie positief gebruik word - mense moet daarvan hoor!

As jy in Durbanville-omgewing woon, kontak gerus vir Lizelle om ons nuutste katalogus te besigtig:
lizelle.alkema@gmail.com

Vir meer inligting oor hoe om 'n agent vir Anna Emm se kinderstories te word kontak:
agente@annaemm.co.za